**6 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 44**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 44:27**

## Vertrou op God ongeag ...

In hierdie klaaglied van die volk in ‘n tyd van nood wys hul God op die roemryke verlede (vs.1-9). Teenoor die voorspoed van die verlede beleef hulle nou rampspoed ten spyte daarvan dat hulle aan die Here getrou is. In vers 10 tot 17 word die rampspoedige hede beklaag. Dan roep hulle sy naam aan!

Waarom slaap U, Here? Ons leer dan dat die Beskermer van Israel nie sluimer of slaap nie (Ps. 121:4). Wat is besig om te gebeur? Om ‘n rede net aan Homself bekend, het God Hom vir ‘n tyd vir sy volk verborge gehou. Genadiglik dryf hierdie diepe beproewing die volk tot God (vs. 27): “Kom ons tog te hulp en bevry ons, dat so u troue liefde bly.”

Op Golgota is God nie net skynbaar afwesig nie. Jesus roep uit (Matt. 27:46): “My God, my God, waarom het U My verlaat?” Volgens die nagmaalsformulier het Hy die Godverlatenheid gely “sodat ons nooit meer deur God verlaat sou word nie.”

Voel u soos die psalmdigter dat God vroeër nader aan u was? Nou voel Hy ver. Slaap Hy? Nee. Ons slaap! Deur God se mildadige genade, troue liefde en bewaring kom Hy ons te hulp. Die Heilige Gees dryf ons tot Hom sodat ons weer wakker word en sy troue liefde raaksien ongeag ...

*Sing: Psalm 42:5* *Ds Simon Hibbert (Koster)*